Merino Bestuur

G.J. Calldo - Senior Skaap & Wol Beampte Trompsburg.
Tel: 051 7137001, Cell: 082 468 3618

Die Merino bly maar die vlagskip van ons wolbedryf. As ons van wol praat is dit juis die gehalte wol van ons Merino wat die beste aanvraag geniet en dus die hoogste pryse behaal. Ongelukkig is dieselfde ook waar met 'n prysdaling - dan praat ons almal weer van die wolprys wat af is en ons koppel dit weer aan die Merino. Hoe onregverdig ookal – dit is 'n realiteit.

Vrugbaarheid, met ander woorde reproduksie, is eintlik ons Merino se beste eienskap, maar die kan net geaktiveer word deur goeie korrekte bestuur wat 'n positiewe resultaat van 'n 70/30 vleis : wol verhouding sal verseker.

Oor die wolprys het ons as Merino produsent nie beheer nie, wel oor die gehalte en hoeveelheid wat ons outomaties verkry deur hoër reproduksie en dus hoër speen persentasie. Speen persentasies wissel van 60% tot so hoog as 150%+. Waar lê ons eie speen persentasie? – dit alleen bepaal grootliks die winsgewendheid van ons Merino boerdery. Voeg wolinkomste by 'n hoë speen persentasie = Merino Voorspoed!
Omdat reproduksie so belangrik is het ons in 2004 'n Kleinvee bestuurbundel saamgestel wat die hele spektrum rondom ekonomiese kleinveeproduksie aanspreek. Heelwat oor die 500 boere is al met 'n 1 of 2 dag kursus bereik, waaronder ook agt nuwe voorligters van die Departement Landbou. Die resultate van ook Merino boere is baie positief.

C.M.W., Afrivet BM, Voermol asook ander kundiges soos Veeartse is almal betrokke en vorm 'n gedugte span om dieselfde boodskap uit te dra. In ons kursusbundel word alles saamgevat, van 'n lam gespeen word totdat sy weer haar lam speen. Die tema is reproduksie en speen persentasie. Bestuurpraktyke soos gesondheid, voeding, teling en paring, dragtigheid, lamstelsel en speenlambestuur word alles behandel. Elke faset rondom lam, jongooi, ooie en ramme word deeglik behandel en met praktyk resultate onderstreep.

Ons Merinoboerdery se sukses sal afhang van hoe suksesvol ons doelwitte kan bestuur en nakom. 'n Speen persentasie van 120 %+ sal 'n positiewe doelwit wees. Die pessimis sal baie negatiewes kan voorlê hoekom daar nie 120 % gespeen kan word nie. Kyk self in die spieël - die problem staan "120 %" van die tyd voor jou.

Doelwitbeplannings word in die kantoor gedoen, alle praktyk uitvoerings vind buite plaas waar die natuur soms ongenaakbaar kan wees en aanpassings net met fisiese teenwoordigheid gedoen kan word. Deur ons arbeidsmag goed op te lei en toe te rus met kennis en liefde is 'n plus om doelwitte te bereik. Ons bied ook 'n volledige kursus aan om ons arbeiders toe te rus (met baie goeie resultate).

Om mee af te sluit: Ek en oorlede Oom Wessel Brynard (Ben Brynard van Middelpos, Calvinia, se pa) het 'n hele paar Laingsburg 80 km Karoo Marathons saam afgedraf. So deur ons moeg heen het ons lekker mowwe gepaar, laat lam en gespeen. Sy woorde was: "Die Merinoboer wat bereid is om die ekstra tree vir sy mofooie te gee gaan die meeste lammers speen" (en hét hy moflammers gespeen). Voor ek en Oom Wessel die laaste paar km afgesweet het is die pragtige Merinos klaar geskeer, die wol gelaai die speenlammers se prys "gedink" en die wolprys "gehoop".

Nou wag ons net vir ons eie medalje - nog 'n heerlike Merino 80 km, met lekkerkry klaargekry. FOKUS!!!

Beplan goed + Bestuur goed + Speen hoog = Winsgewende Merinos!